teen my Vyande

Efesiërs 6:10-12 *"Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die* ***volle wapenrusting aan wat God*** *julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug."*

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ’n produk van Kanaan Ministries, ’n nie-winsgewende bediening onder die dekking van Roly, haar eigenoot vir meer as 40 jaar.

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir persoonlike gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van Y’shua HaMashiach[1] ALLEENLIK te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Tel: +27 (0) 60 825 5780
Faks: 086 681 9458
e-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org

Kantoorure: Maandag tot Vrydag, 9vm - 2nm

Nederland

Priscilla Boiten
Media Manager Europe
email: orders@kanaanministries.nl

Kanaan International Website

Website: www.eu.kanaanministries.org

[1] Betekenis: The ANOINTED one

Inhoud

Teen my Vyande **4**

Seën **7**

Teen my Vyande

(Gebruik hierdie riglyne om PETISIE jou eie te maak)

Lees Psalms 6, Psalms 7 en Psalms 109

Help my, want U is Getrou …

Psalms 6 *"Vir die koorleier: met snarespel; met basstem. 'n Psalm van Dawid. Moet my tog nie in u toorn straf nie, Here, en my in u gramskap tugtig nie. Ontferm U oor my, Here, want ek kwyn weg, maak my gesond, Here, want my liggaam is uitgeteer. Ek is heeltemal gedaan. Hoe lank nog, Here, voordat U uitkoms gee? Neem my weer onder u sorg, Here, en red my lewe. Help my, want U is getrou. Iemand wat dood is, kan tog nie u Naam bely nie. Kan iemand in die doderyk U prys? Ek is uitgeput van verdriet, ek huil die hele nag deur, ek deurweek my bed met trane. My oë het dof geword van verdriet, verswak deur wat my teëstanders my aandoen. Gee pad van my af, julle almal wat onreg doen, want die Here het ag geslaan op my geroep om hulp, die Here het geluister na my smeking, die Here het my gebed aangeneem. Al my vyande sal beskaamd daarvan afkom, hulle sal verslae staan; in 'n oogwink sal hulle beskaamd moet padgee."*

GOD help die opregtes …

Psalms *7 "'n Klaaglied van Dawid wat hy vir die Here gesing het na aanleiding van die dade van Kus, 'n Benjaminiet. By U soek ek beskerming, Here my God. Help my, red my van almal wat my vervolg, sodat hulle my nie verskeur soos 'n leeu sy prooi nie, my nie uitmekaar skeur sonder hoop op redding nie. As ek iets verkeerds gedoen het, Here my God, as daar onreg aan my hande kleef, as ek 'n vriend van my kwaad aangedoen het, as ek 'n teëstander van my sommer goedsmoeds kaalgestroop het, mag die vyand my dan agtervolg en inhaal, my in die grond in trap, my tot in die stof in verneder. Sela Kom tog, Here, in u toorn, tree op teen die verwoede aanslag van my teëstanders. Kom my te hulp, U wat bepaal het dat reg sal geskied. Laat al die volke rondom U kom staan; neem hoog bo hulle u plek in op u regterstoel! U wat regspreek oor die volke, Here, bevind tog dat ek reg het, Here, dat ek onskuldig is. Maak 'n end aan al die bose dade van die goddelose mense. Stel tog die onskuldige in die gelyk. U wat die mens deur en deur toets, U is die regverdige God. God wat die opregtes help, is my beskermer. God is 'n betroubare regter, 'n God wat altyd die skuldiges straf. Hy maak sy swaard elke keer weer skerp, Hy span sy boog en lê aan. Hy hou dodelike wapens gereed en maak vir Hom brandpyle. Die skuldige is soos iemand wat swanger geraak het van onreg, swanger is van kwaad en leuens voortbring. Hy grawe 'n diep gat en val self daarin. Sy boosheid tref homself, en die geweld wat hy beplan het, kom op sy eie kop af. Ek wil die Here prys omdat Hy reg laat geskied. Die Naam van die Here, die Allerhoogste, wil ek besing."*

U is Goed en Getrou, red my tog!

Psalms 109 *“Vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm. U is die God wat ek altyd loof, moet tog nie my gebede onverhoord laat nie! Dit is goddelose mense en leuenaars wat my aankla. Hulle getuig vals teen my, met woorde vol haat tref hulle my van alle kante, sonder enige rede val hulle my aan. My liefde beantwoord hulle met vyandskap, en dit terwyl ek nog altyd vir hulle gebid het. So vergeld hulle my met kwaad vir goed en haat vir liefde, en hulle sê: “Stel 'n misdadiger aan as sy regter, laat een wat vyandig is, hom aankla; sorg dat hy skuldig bevind word, laat selfs sy gebed teen hom tel as 'n misdaad. Laat sy lewe kort wees en laat 'n ander sy amp oorneem! Mag sy kinders wees word, sy vrou 'n weduwee! Laat sy kinders as bedelaars rondswerf en tussen die puinhope van hulle huise kos soek. Laat die skuldeiser beslag lê op al sy besittings, laat vreemdes plunder wat hy met moeite bymekaargemaak het! Laat niemand aan hom liefde bewys nie, laat niemand hom die lot van sy kinders aantrek nie. Laat sy nageslag uitgeroei word, laat hulle naam binne een geslag uitgewis wees! Mag die Here die ongeregtigheid van sy voorvaders nie vergeet nie, mag die sonde van sy moeder nooit uitgewis word nie! Laat dit voortdurend vir die Here bly bestaan, maar laat hulle naam van die aarde af gevee word omdat hy nie daaraan gedink het om liefde te bewys nie: hy het die mens in nood en die arme, dié wat plat geslaan is, tot die dood toe vervolg. Hy het graag vervloek, laat die vloek hóm tref! Hy het nie graag geseën nie, laat seën ver van hóm af wees! Om mense te vervloek, is vir hom soos klere dra, soos water drink, soos lyfolie aansmeer. Laat sy vloek hom aankleef soos sy klere, soos 'n gordel wat hy deurentyd dra!” Mag die Here dit alles oor my teëstanders laat kom, oor dié wat my sulke vreeslike dinge toewens. U is die Here my God, handel met my só dat u Naam geëer sal word. U is goed en getrou, red my tog. Ek is hulpeloos en arm, my hart is inmekaargekrimp in my. Soos 'n skaduwee wat lank word, is my einde naby, en ek word weggevee soos 'n sprinkaan. My knieë knak al soos ek gevas het, my liggaam is uitgeteer en maer. Ek het die spot van die mense geword; hulle kyk met veragting na my en knik met voldoening die kop. Help my, Here my God, red my in u troue liefde, dat mense kan weet dat dit u hand is, U, Here, wat dit gedoen het. Húlle vloek my, maar U sal my seën. Hulle kla my aan, maar hulle sal verloor, en ek, u dienaar, sal bly wees. Laat my teëstanders met skande oordek word, laat vernedering hulle aankleef soos hulle klere. Dan sal ek my lof aan die Here laat weerklink en Hom voor 'n groot skare prys, want Hy staan by die arme en red hom van dié wat hom ter dood wil veroordeel.”*

Hemelse Vader, deur die Bloed van Jesus Christus van Nasaret wat vir my gevloei het, het U ons geroep om met vrymoedigheid U troonkamer te betree en ons petisies voor U te plaas. Ons beoog om die hemel te bombardeer met ons gebede en petisies, die woorde uit U Woord. Ons vra dat U op hierdie dag begin om al hierdie te verwerklik.

Here, ek kom en petisie voor U dat U nie sal stilbly nie, o God van my lofpryse, want die bose, en die mond van die bedrieërs staan oop teen my: hulle het teen my gespreek met ‘n leuenagtige tong. Hulle het my omring met woorde van haat; en teen my geveg sonder ‘n rede. Vir my liefde het hulle vyandskap gegee: maar ek gee myself in gebed. Hulle beloon my goedheid met boosheid, en my liefde met haat.

Here, ek vra dat U sal help om my te bevry van my vyande, omdat U genade goed is. Help my, o God, en red my volgens U genade, sodat hulle kan weet dit is U Hand en dat U, o Here, dit gedoen het. Skenk genade aan my, o Here, want ek is swak. Genees my, o Here, want my gebeente word gekwel en geteister. My oog het dof geword van droefheid; dit het swak geword a.g.v. al my vyande.

Beoordeel my, o Here, volgens U geregtigheid en integriteit wat in my is. My verdediging is van U, o Here, wat die opregte van hart uit red.

Gaan weg van my, al jul werkers van ongeregtigheid, wat die Here het my geween gehoor. Die Here het my smeking gehoor; die Here sal my gebed antwoord.

Here, soos my vyand vervloeking liefgehad het, laat dit op hom kom: soos wat hy nie in my seën behae gehad het nie, laat dit ver van hom as bly. Here, in ‘n profetiese aksie stroop ek nou myself van enige klere van vervloeking, verwyder ek enige vervloekte gordels en vra dat U dit sal verteer met U vuur. Ek vra dat die Bloed van Jesus Christus van Nasaret my ingewande en beendere sal heilig en reinig van enige besoedeling in die Naam van Jesus Christus van Nasaret.

Here, laat my vyande met skande geklee word, en laat hulle hulself bedek met hul eie verwarring, soos met ‘n mantel. Here, slyp U swaard, buig U boog en pyle teen my vervolgers.

Ek sal die Here grootliks prys met my mond, ja, ek sal Hom tussen die menigtes prys! Want Hy sal staan aan die regterhand van die arme om hom te red van diegene wat sy siel veroordeel. Ek sal lofpryse sing tot eer van die Naam van die Here, die Allerhoogste.

In die Naam van Jesus Christus van Nasaret bid ek dit.

AMEN!

Datum: _____

Geteken: _____ **Geteken:** _____

Seën

Númeri 6:24-26

“Y’varekh’kha YHVH *v’yishmerekha*.
Die HERE sal jou seën en jou behoed.

Ya’er YHVH panav eleikha vichunekka.
die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees.

Yissa YHVH panav eleikha v’yasem l’kha shalom.
die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

> ***Númeri 6:27*** *“So moet hulle dan* ***My Naam*** *op die kinders van Israel lê; en Ek sal hulle* ***SEëN****.”*

Shalom